# Telematiese Skoleprojek

# 2022 VAKWERKBOEK
# Graad 10

## BESIGHEIDSTUDIES

'n Gesamentlike inisiatief tussen die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en die Universiteit Stellenbosch.

Western Cape Government
Education

Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT
forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

## UITSAAI SESSIE

**GRAAD 10**

Vind die onderwerp en datum van die 2022 Besigheidstudies Telematiese sessie hieronder:

| Sessie | Datum | Tyd | Onderwerp |
|---|---|---|---|
| **1** | 01/11/2022 | 16h00 - 17h00 | Verhoudings en spanprestasie |

# SESSIE 1: VERHOUDINGS EN SPANPRESTASIE

Die belangrikheid van spanwerk in verhoudings is dat dit ‘n gesamentlike poging deur lede van die groep is om mekaar te help. Hoe meer kollegas mekaar help, hoe sterker sal die band tussen hulle word. Spanwerk kan vir sommige mense natuurlik voorkom, en vir ander is dit baie moeilik . Swak verhoudings tussen spanlede word gekenmerk deur emosionele en gedragsaksies wat angs, woede en onttrekking veroorsaak. Dit kan 'n verdeelde span skep, wat weer tot swakker spanprestasie kan lei.

## WAT DIE LEERDERS MOET KEN

- Definieer/ Brei uit oor die betekenis van besigheidsdoelwitte.
- Skets/Verduidelik/Bespreek die voordele van spanwerk.
- Beveel aan/Stel maniere voor hoe besighede 'n omgewing kan skep wat spanne in staat stel om doeltreffend te werk.
- Brei uit oor die betekenis van interpersoonlike verhoudings in die werkplek.
- Brei uit/Verduidelik/Beskryf faktore wat spanverhoudings kan beïnvloed, bv. vooroordeel, diskriminasie, gelykheid, diversiteit.
- Beveel aan/Stel maniere voor hoe besighede faktore kan aanspreek wat spanverhoudings beïnvloed.
- Brei uit/Verduidelik/Beskryf/Bespreek die kriteria vir suksesvolle spanprestasie.

## 1. TERMINOLOGIE

| Term | Definisie |
|---|---|
| **Span** | **Bestaan uit twee of meer mense wat in 'n besigheid of organisasie saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik.** |
| Verhoudings | Die verband tussen werknemers, kollegas, kliënte en verskaffers. |
| **Vooroordeel** | **'n Vooropgestelde mening of oordeel oor iets of iemand.** |
| Gelowe | 'n Gevoel van sekerheid dat 'n persoon of ding bestaan en waar of betroubaar is. |
| **Waardes** | **Die oortuigings, filosofieë en beginsels wat 'n besigheid dryf - die kernwaardes wat die besigheid uitleef.** |
| Diversiteit | Wat mense uniek maak en verskillende kulture, agtergronde, oortuigings, geslag, taalen lewenservarings insluit . |
| **Interpersoonlike verhouding** | **Die verhouding tussen twee werknemers wat vir die dieselfde onderneming werk bestaan .** |
| Diskriminasie | Sekere vooroordele wat voorkom wanneer 'n werknemer onregverdig behandel word as gevolg van ras, geslag, seksualiteit, godsdiens of gestremdheid. |
| **Billikheid** | **Die praktyk om regverdig of onpartydig in die werkplek op te tree.** |

## 2. BETEKENIS VAN BESIGHEIDSDOELWITTE

'n Besigheidsdoelwit is 'n resultaat wat 'n maatskappy wil bereik, en die strategieë oor hoe hulle dit sal bereik.

**Voorbeelde van besigheidsdoelwitte is**:

- Om wins te maak
- Om produktief te wees
- Om volhoubaar te wees
- Om sosiale verantwoordelikheid te openbaar

## 3. DIE VOORDELE VAN SPANWERK

- Die lede van die span leer van mekaar en groei.
- Die span bereik meer as die individu.
- Goeie spanwerk help besigheid om hul doelwitte te bereik.
- Besighede is meer produktief.
- Die prestasie van alle spanlede verbeter omdat hulle mekaar se vaardighede ondersteun.
- Spanwerk moedig werkers aan om hul bestaande vaardighede te verbeter.
- Gee werknemers meer beheer oor hul werk.

## 4. BESIGHEDE KAN 'N OMGEWING SKEP WAT SPANNE IN STAAT STEL OM DOELTREFFEND TE WERK

- Die onderneming kan seker maak dat werknemers die sakedoelwitte verstaan en daarin glo.
- Die besigheid moet na werknemers luister wanneer hulle idees deel.
- Belangrike besluite word deur 'n proses van spanwerk geneem.
- Goeie spanwerk moet beloon word en foute moet as geleenthede beskou word om te leer en te groei.

## 5. BETEKENIS VAN INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS IN DIE WERKPLEK

- Interpersoonlike verhoudings in die werkplek verwys na 'n sterk assosiasie tussen individue wat saamwerk.
- Die kwaliteit van interpersoonlike verhoudings het 'n impak op die produktiwiteit van spanne.
- Interpersoonlike verhoudings in die werkplek laat spanlede toe om ‘n spesiale verhouding te ontwikkel.
- Spanlede bou 'n verhouding van vertroue, openlikheid, begrip en effektiewe kommunikasie op.
- Almal speel 'n rol in die bereiking van die besigheidsdoelwitte. So, dit is belangrik om werknemers individueel te ontwikkel. As werknemers vaardig en kundig is, sal spanne sterker en doeltreffender wees.

## 6. FAKTORE WAT SPANVERHOUDINGS KAN BEÏNVLOED

| | |
|---|---|
| **Vooroordeel** | • Vooroordeel is 'n negatiewe houding teenoor 'n individu.<br>• Die persoonlike houdings en vooroordele van bestuurders en ander personeel kan diskriminasie tot gevolg hê en kan goeie kommunikasie en spanwerk in die werkplek nadelig beïnvloed.<br>• Voorbeelde van vooroordele is gebaseer op: geslag, godsdiens, gestremdheid, sosiale agtergrond, voorkoms, ras of ouderdom. |
| **Diskriminasie** | • Diskriminasie behels die uitsluiting van lede van een groep van geleenthede wat vir ander groepe beskikbaar is.<br>• Diskriminasie is gebaseer op: godsdiens, ouderdom, etnisiteit, geslag, gestremdheid, velkleur of ras. |
| **Geloof oortuigings** | • Geloof is 'n oortuiging wat ons algemeen aanvaar dat dit waar is sonder bewyse.<br>• Opvattings hou verband met kultuur en godsdiens.<br>• Oortuigings beïnvloed ons denke en houdings, en ons moet daarvan bewus wees. |

## 6. FAKTORE WAT SPANVERHOUDINGS KAN BEÏNVLOED

| | |
|---|---|
| **Diversiteit** | • ’n Diverse arbeidsmag sluit mense met verskillende eienskappe in.<br>• Diversiteit in die werkplek beteken insluiting van mense van verskillende geslagte, ouderdom, godsdiens, ras, etnisiteit, kulturele agtergrond, seksuele oriëntasie, godsdiens, ens. |




Jy behoort in staat te wees om die faktore wat spanverhoudings kan beïnvloed uit gegewe scenario's/gevallestudies te identifiseer/noem en jou antwoord te motiveer deur uit gegewe scenario's/gevallestudies aan te haal.

## 7. MANIERE HOE BESIGHEDE FAKTORE KAN AANPREEK WAT SPAN VERHOUDINGS BEÏNVLOED

| | |
|---|---|
| **Vooroordeel** | • Verskaf opleiding aan werknemers oor diskriminasie.<br>• Moedig werkers aan om mekaar se verskille te respekteer.<br>• Reageer op enige bewyse of klagtes van onvanpaste gedrag.<br>• Hanteer enige klagtes van diskriminasie stiptelik en vertroulik. |
| **Diskriminasie** | • Moenie voorkeur aan enige werknemer toon nie.<br>• Hou jou persoonlike oortuigings persoonlik.<br>• Wees versigtig oor wat jy sê en vir wie jy dit sê.<br>• Formuleer die beleid en die gevolge van diskriminasie. |
| **Billikheid** | • Ontwikkel 'n regverdige, respekvolle, ondersteunende en inklusiewe werkplek.<br>• Oordeel werknemers gebaseer op meriete en regverdigheid.<br>• Erken elke persoon se bydrae. |
| **Diversiteit** | • Skep inklusiewe beleide en praktyke.<br>• Verskaf diversiteitsopleiding.<br>• Fasiliteer effektiewe kommunikasie.<br>• Moedig interaksie aan tussen verskillende werknemers. |

## 8. KRITERIA VIR SUKSESVOLLE SPANPESATSIE

| | |
|---|---|
| **Kommunikasie** | • Die rol/e van elke spanlid word uiteengesit in die prosedures wat die span moet nakom.<br>• Vinnige besluite word geneem as kommunikasie tussen spanlede duidelik is.<br>• Konstruktief terugvoer lei tot beter besluitneming wanneer die volgende geleentheid voorkom |
| **Samewerking** | • Elke spanlid weet presies wat van hulle verwag word om te doen, omdat die doelwitte duidelik is.<br>• Spanlede is bereid om met mekaar te werk in die nastrewing van die doelwitte van die span.<br>• Besluitneming is 'n samewerkingspoging tussen alle spanlede en toesighouers. |

| | |
|---|---|
| **Interpersoonlike houdings en gedrag** | • Spanlede moedig mekaar aan in die nastrewing van die doelwitte van die span.<br>• Deur mekaar te ondersteun, ervaar individuele lede werksbevrediging wat tot verbeterde produktiwiteit kan lei.<br>• Spanlede werk passievol saam om 'n gemeenskaplike doel te bereik. |
| **Gedeelde waardes/ Wedersydse vertroue en ondersteuning** | • Spanlede respekteer/vertrou mekaar ten spyte van verskille wat onder diE spanlede mag bestaan .<br>• Erkenning word aan spanlede se ervaring gegee . |




Jy behoort in staat te wees om die kriteria vir suksesvolle spanprestasie uit gegewe scenario's/gevallestudies te identifiseer/noem en jou antwoord te motiveer deur uit gegewe scenario's/gevallestudies aan te haal.

## SESSIE 1: VERHOUDINGS EN SPANPRESTASIE

### WERKBLAD 1

ONDERWERP: VERHOUDINGS EN SPANPRESTASIE

Beantwoord die DRIE vrae en skryf die korrekte antwoorde aan die regterkant van die bladsy neer.

Jy behoort die DRIE vrae binne 10 minute te kan voltooi.

### Vraag 1

1.1 Noem DRIE voorbeelde van besigheidsdoelwitte.

### Antwoord 1

1.1 ______________________

1.2 ______________________

1.3 ______________________

### Vraag 2

**Dui die faktore aan wat spanprestasie beïnvloed in elk van die onderstaande stellings:**

2.1 'n Negatiewe houding teenoor 'n individu.

2.2 'n Oortuiging wat algemeen aanvaar word dat dit die waarheid sonder enige bewyse is.

2.3 Die uitsluiting van lede van een groep van geleenthede,maar wat vir ander groepe beskikbaar is .

### Antwoord 2

2.1 ______________________

2.2 ______________________

2.3 ______________________

### Vraag 3

**Dui die kriteria vir suksesvolle spanne aan waarna in elk van die volgende stellings verwys word.**

3.1 Spanlede is bereid om saam met mekaar te werk om die doelwitte te bereik.

3.2 Spanlede respek/vertrou mekaar ten spyte van verskille wat bestaan binne die span.

3.3 Spanlede moedig mekaar aan in die nastrewing van die doelwitte van die span.

### Antwoord 3

3.1 ______________________

3.2 ______________________

3.3 ______________________

# AKTIWITEIT 1

## BESIGHEIDSROLLE

## ONDERWERP: VERHOUDINGS EN SPAN-PRESTASIE

**Afdeling C: Opsteltipe Vraag**

Spanverhoudings het 'n impak op die manier hoe spanne effektief funksioneer. Die kriteria vir suksesvolle spanne dien as 'n riglyn oor hoe spanne met mekaar moet omgaan wanneer hulle aan 'n projek werk. Spanwerk speel 'n belangrike rol in die bereiking van besigheidsdoelwitte en -doelstellings

Skryf 'n opstel oor verhoudings en spanprestasie waarin jy die volgende aspekte insluit:

- Skets die faktore wat spanverhoudings kan beïnvloed.
- Verduidelik die volgende kriteria vir suksesvolle spanprestasie:
  - Interpersoonlike houding en gedrag
  - Gedeelde waardes
  - Samewerking
- Bespreek voordele van spanwerk.
- Stel maniere voor hoe besighede 'n omgewing kan skep wat spanne in staat stel om doeltreffend te werk. [40]

### PROBEER LEER

AKTIWITEIT 1

In jou Gekontroleerde Toetse en Eksamens sal daar van jou verwag word om EEN opsteltipe vraag van 40 punte te beantwoord. Jy moet die antwoord van die opstel binne 30 minute kan voltooi.

Let asseblief op die volgende met betrekking tot 'n opstel in Besigheidstudies:

Jou opstel bestaan uit:

❖ Inleiding
❖ Liggaam
❖ Slot

**Inleiding:**

- Begin met die woord 'Inleiding' as 'n opskrif.
- Jou openingsverklaring moet aan die vrae met kolpunte gekoppel word .

**Liggaam:**

- Moenie die woord 'Liggaam' as 'n opskrif skryf nie.
- Gebruik inligting in die vrae onder die scenario as opskrifte in die liggaam.

**Slot**

- Skryf die woord 'Slot' as 'n opskrif.
- Eindig jou opstel af met EEN betekenisvolle feit – Moet nie feite herhaal wat in die inleiding /liggaam geskryf is nie.